PROVINSIALE KENNISGEWING 40 VAN 2019

KENNISGEWING VAN AANSOEK INGEVOLGE ARTIKEL 60(1) VAN DIE MAQUASSI HILLS LOCAL MUNICIPALITY, MUNICIPAL BY-LAW ON SPATIAL PLANNING AND LAND USE MANAGEMENT EN ARTIKEL 56(1) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986), VIR DIE WYSIGING VAN 'N GRONDGEBRUIKSKEMA DEUR DIE HERSONERING VAN DEEL VAN DIE RESTERENDE GEDEELTE VAN GEDEELTE 12 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 5) VAN DIE PLAAS KLIPFONTEIN 318 IP.

Hiermee word kennis gegee dat ek, Dirk Zandberg Malherbe, ID No. 460615 5090 08 7, van Attwell Malherbe Associates, aansoek gedoen het, ingevolge Artikel 60(1) van die Maquassi Hills Local Municipality, Municipal By-Law on Spatial Planning and Land Use Management asook Artikel 56(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), by die Maquassi Hills Plaaslike Munisipaliteit vir die hersonering van deel van die Resterende Gedeelte van Gedeelte 12 ('n Gedeelte van Gedeelte 5) van die plaas Klipfontein 318 IP, wat geleë is ongeveer 44 kilometer wes van Klerksdorp oppad na Wolmaransstad langs en ten noorde van die N12 Nasionale Pad, vanaf "Landbou" na "Spesiaal" vir die landboudoeleindes, 'n vulstasie en gebruike soos 'n geriefswinkel, restaurante, ruskamers en 'n OTM wat aanverwant en ondergeskik is aan die vulstasie, wildkykgeriewe, 'n vragmotorstop, ‘n inligtingsentrum en ander gebruike met die toestemming van die Plaaslike Owerheid. Die doel van die aansoek is om fasiliteite te voorsien wat motoriste op die N12 Nasionale Pad en ook die plaaslike gemeenskap sal bedien

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by Maquassi Hills Plaaslike Munisipaliteit, 19 Kruger Straat, Wolmaransstad, vir ñ tydperk van 30 dae vanaf 19 Maart 2019.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet, met die redes daarvoor, binne ‘n tydperk van 30 dae vanaf 19 Maart 2019 skriftelik ingedien of gerig word, of mondelings gedoen word, by of tot die gemagtigde agent en die Munisipale Bestuurder van Maquassi Hills Munisipaliteit by bovermelde adres of by Privaatsak X3, Wolmaransstad, 2630. Die sluitingsdatum vir die indiening van kommentare, besware of vertoë is 18 April 2019.

Enige persoon wat nie kan skryf nie, mag gedurende kantoorure die Maquassi Hills Plaaslike Munisipaliteit besoek waar ‘n aangewese amptenaar van die Munisipaliteit sodanige persone sal assisteer deur die kommentare, besware of vertoë te transkribeer.

Besonderhede van gemagtigde agent: Attwell Malherbe Associates, Eastbury House, Hampton Park, 20 Georgiansingel, Bryanston, Posbus 98960, Sloane Park, 2152. Email: ama.dirk@mweb.co.za
Tel Nr: (011) 463 1188.

19-26